

Die Heilsorde

Dr Hennie van Wyk

'N LOGIESE ONDERSKEIDING VAN DIE HEILSORDE IS:

(Hierdie orde is 'n geloofsorde)



WIE ROEP?

Genesis 3:9:

Die **HERE God** het na die mens geroep en vir hom gevra: “Waar is jy?”

1 Petrus 5:10:

Maar al moes julle vir 'n kort tydjie ly, sal die **God** van alle genade, wat julle tot sy ewige heerlikheid in **Christus Jesus** geroep het, julle herstel, bemagtig, versterk en stewig vestig.

Matteus 11:28:

Kom na **My** toe, almal wat vermoeid en swaar belas is, en Ek sal julle rus gee

God roep

ROEPING

HOE ROEP GOD?

Psalm 19:2-5

Die **hemelruim** verkondig die eer van God en die **hemelkoepel** maak die werk van sy hande bekend. Dag ná dag bring dit 'n boodskap voort en nag ná nag deel dit kennis mee. Alhoewel daar geen spraak en geen woorde is nie en hulle stem nie hoorbaar is nie, gaan hulle boodskap uit oor die hele aarde en hulle woorde tot aan die einde van die wêreld. Vir **die son** het Hy 'n tent opgeslaan in die hemel. Die son is soos 'n bruidegom wat by sy slaapkamer uitgaan – vol vreugde, soos 'n held wat op die pad hardloop. en die hemelkoepel maak die werk van sy hande bekend.

Romeine 1:20:

Want sy **onsigbare eienskappe**, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, word van die skepping van die wêreld af in sy werke begryp en is duidelik sigbaar

Natuur


God se
eienskappe

ROEPING

HOE ROEP GOD?

Matteus 28:19: Gaan dan en **maak dissipels** van al die nasies, deur hulle te doop in die Naam van die Vader en van die Seun en van die Heilige Gees

Romeine 10:14,15,17: Hoe kan hulle Hom dan **aanroep**, as hulle nie tot **geloof** in Hom gekom het nie? En hoe kan hulle in iemand **glo** van wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle **hoor** sonder iemand wat dit **verkondig**? En hoe kan hulle dit verkondig as hulle nie **gestuur word** nie? Soos daar geskryf staan: "Hoe lieflik Die geloof kom dus uit die aanhoor, en die aanhoor kom deur die verkondiging van Christus. Die geloof kom dus uit die aanhoor, en die aanhoor kom deur die verkondiging van Christus.



WIE ROEP GOD?

Jesaja 45:22:

Kom byeen, ja, kom! **Kom almal nader**, julle van die nasies wat ontvlug het! Hulle weet niks nie, hulle wat hulle afgodsbeelde van hout dra, wat bid tot 'n god wat nie verlos nie.

Matteus 24:14:

Hierdie evangelie van die koninkryk sal oor die **hele wêreld** verkondig word as getuienis vir al die nasies. En dan sal die einde kom.”

Matteus 28:19:

Gaan dan en maak dissipels van **al die nasies**, deur hulle te doop in die Naam van die Vader en van die Seun en van die Heilige Gees

Handelinge 17:30:

God het die tye van onkunde oorgesien, maar nou roep Hy **alle mense oral** op om hulle te bekeer.

Alle mense / nasies

Onthou! Jy weet nie wie uitverkies / geroep is nie. God bepaal dit. Daarom moet jy die evangelie aan almal uitdra

WIE ANTWOORD DIE ROEPING?

Matteus 22:14:

Baie is immers geroep, maar **min is uitgekies.**”

1 Korintiërs 1:23,24

Ons egter, verkondig 'n gekruisigde Christus. Vir die Jode is dit 'n struikelblok en vir die nie-Jode 'n dwaasheid. Maar vir **diegene wat geroep** is, Jode sowel as Grieke, is Christus die krag van God en die wysheid van God.

Handelinge 16:14:


'n Vrou uit die stad Tiatira, 'n purperhandelaar met die naam Lidia, wat God vereer het, het ook geluister, en die **Here** het haar hart oopgemaak **om ag te slaan op wat** Paulus gesê het.

Handelinge 13:48

Toe die heidene dit hoor, was hulle bly en vol lof oor die woord van die Here. En diegene wat vir die ewige lewe **bestem** was, het gelowig geword.

Filippense 2:13

Want Hy wat die **gewilligheid** en die optrede in julle **bewerk** soos Hy dit goeuvind, is God.



UIT WATTER KRAG ANTWOORD JY DIE ROEPING?


Jeremia 31:33: “Nee, dít is die **verbond** wat Ek ná daardie dae met die huis van Israel sal sluit,” is die uitspraak van die HERE: “**Ek** sal my wet in hulle binneste gee, en dit op hulle harte skryf. **Ek** sal vir hulle 'n **God** wees, en hulle sal vir My 'n volk wees.

Romeine 9:16 Dit berus dus nie by die mens wat wil en hom inspan nie, maar by **God wat Hom ontferm.**

Efesiërs 2:8-10: Want **uit genade** is julle verlos, deur **geloof**. En juis dit kom **nie uit julle self nie**; dit is die **gawe van God**. Dit kom **nie uit eie werke nie**, sodat niemand op iets mag roem nie. Ons is immers sy maaksel, geskep in Christus Jesus om goeie werke wat God voorberei het, te doen, en daarvolgens te leef.

Filippense 2:13: Want **Hy** wat die **gewilligheid** en die optrede in julle **bewerk** soos Hy dit goedvind, is God

Geloof



Sola Fide
(Slegs geloof)

GOD MAAK SY UITVERKORENES GEWILLIG EN BEREID OM "JA!" TE Sê OP SY ROEPING.

ROEPING